justchad_cga

# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (14/15)

*Justin Chadwick (17 April 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "I've searched all the parks in all the cities and found no statues of committees" G M Chesterton***

## AGOA

Piet Smit (CGA Onder-voorsitter) en Bruce McEvoy (CGA verteenwoordiger in die VSA) is deel van 'n hoë vlak regerings- en sake afvaardiging wat hierdie week in Washington was om met verskeie rolspelers te vergader oor die hernuwing van die Wet op Groei en Geleenthede in Afrika (AGOA). Die huidige AGOA se periode kom in September 2015 tot 'n einde – en verseker toegang sonder enige tariewe vir sitrusuitvoerders na die VSA-mark. Benewens die finansiële voordele van AGOA – het die wet ook 'n platvorm geskep vir besprekings tussen Suid-Afrika en die VSA oor 'n wyer reeks van sake. Hierdie geleentheid om binne 'n positiewe raamwerk betrokke te wees moet nie onderskat word nie – baie marktoegangsuitdagings is deur middel van hierdie geleentheid aangespreek en opgelos. Die ontwikkelingsrol wat AGOA in die sitrusbedryf gespeel het, is baie duidelik – benewens die werksgeleenthede, is diegene wat na die VSA uitvoer ook by 'n reeks ondernemings van sosiale verantwoordelikhede betrokke.

Tydens die week was ek bevoorreg om 'n handelsfasiliteringswerkswinkel wat deur "Trade and Investment Kwazulu Natal", die VSA Konsulaat en USAID georganiseer is, toe te spreek. Die onderwerp het gehandel oor die uitvoer van 'n landbou-kommoditeit na die VSA. In hierdie aanbieding is sewe faktore beklemtoon. **Gemeenskaplike taal** (ja die Amerikaners praat Engels!!) – wat meer belangrik is as die gesproke woord, is die geskrewe woord. Wanneer kontrakte, regulasies en vereistes vertaal word is daar 'n risiko dat foute gemaak kan word. Om die aspekte in 'n gemeenskaplike taal te onderhandel en te finaliseer is, 'n groot voordeel – as 'n voorbeeld van die ander kant neem in ag die huidige verwarring met betrekking tot uitvoere na Rusland en die nuwe merkvereistes. Verskillende invoerders verskaf verskillende bewoording in Russies – en die owerhede verskaf min leiding oor hoe die amptelike Russiese bewoording moet lyk. Uitvoerders kan kry dat produkte geblokkeer word weens verkeerde bewoording. **Ontwikkelde en geïntegreerde bankstelsel –** in baie gevalle is dit maklik om die produk te verskaf; die betaling is egter moeiliker. In lande met 'n bankstelsel wat beide goed ontwikkel is en met die Suid-Afrikaanse bankstelsel geïntegreer is, is dit baie makliker. Elke jaar is daar rekeninge van uitvoerders wat sukkel om betalings van verskeie lande regoor die wêreld te kry – dit is nie die geval met die VSA uitvoere nie. **Duidelike en deursigtige regulatoriese stelsel –** alhoewel baie mag sê dat die VSA te veel reëls het, is die voordeel met die VSA dat hul reëls duidelik is (weereens is die gemeenskaplike taal 'n voordeel) – en jy kan hul op webtuistes volg of dokumentasie verstaan. Bykomend – veranderinge aan regulasies word goed bespreek en normaalweg is daar tyd vir die aanpassings. **Infrastruktuur –** handel tussen Suid-Afrika en die VSA is goed gebalanseerd; verskepingsgeleenthede is dus beskikbaar. Die VSA het ook goed ontwikkelde koue ketting fasiliteite en vervoer. **Produk erkenning –** die VSA verbruiker is bekend met die sitrus variëteite wat in Suid-Afrika verbou word. Dit maak die nodigheid van verbruiker bewusmaking of 'n opvoedingsveldtog onnodig en wat verblydend vir die Suid-Afrikaanse uitvoerders is, is die stygende aanvraag na somer sitrus. **Regeringsverhoudings –** handel word gefasiliteer wanneer regerings 'n goeie verhouding het. Suid-Afrika het nog altyd sterk bande met die VSA Regering gehad. En **AGOA** (soos hierbo genoem). Ons hoop dat diegene wat die besluite neem die waardevolle ontwikkelingsrol wat AGOA in Afrika gespeel het sal erken en AGOA vir 'n verdere vyftien jaar sal hernu.

## CGA HEFFING

Soos ons die nuwe seisoen betree, word uitvoerders daaraan herinner dat die 2015 heffing op uitvoer sitrusvrugte (geadministreer deur CGA) 53 sent (uitsl. BTW) per 15 Kg karton is (2014 was 50c/karton).

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 15 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2014** | **2015** | **2013** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 0.5 m | 0.3 m | 0.1 m | 0.2 m | 0.1 m | 15.3 m | 15.3 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 1 m | 1.2 m | 0.5 m | 0.7 m | 0.9 m | 10 m | 10 m | 10 m |
| Suurlemoene | 1.3 m | 1.3 m | 0.7 m | 0.8 m | 1.1 m | 13.6 m | 13.6 m | 13.2 m |
| Nawels | 0.1 m | - | - | - | - | 25.1 m | 25.1 m | 26 m |
| Valencias | - | - | - | - | - | 49.1 m | 49.1 m | 50.9 m |
| Totaal | 2.9 m | 2.8 m | 1.3 m | 1.7 m | 2.1 m | 113.1 m | 113.1 m | 115.7 m |